

SA verruil analoog vir digitale televisie

Oorskakeling sal digitale skeiding oorkom en ekonomie help groei

Suid-Afrika betree binnekort die era van digitale televisie.

Die internasionale telekommunikasie-unie (ITU) het ooreengekom dat 2015 die afsnydatum is vir alle lande om van analoog tot digitale uitsendings oor te skakel. Daarna sal die bestendigheid en weerstand teen versteuring van analoge nie meer beskerm word nie.

“

Digitale uitsending is die rigting waarin die wêreld beweeg, maar in Suid-Afrika gaan dit soveel meer beteken as om net tred te hou met internasionale standaarde. Dit gaan die lewens van Suid-Afrikaners verbeter deur die digitale skeiding te oorkom

Volgens me. Lara Kantor, voorsitter van die Digital Dzonga-raad, volg Suid-Afrika lande soos Frankryk, die VSA, Brittanje en Nieu-Seeland wat reeds ver gevorder is met die oorskakeling. In Finland en Mauritius het die afskakeling van analoge uitsendings reeds begin.

Tot nou toe is televisie- en radioseine van 'n analoogplatform uitgesaai, wat gegrond is op radiogolwe. Hierdie golwe beslaan lugspasie wat bandwydte genoem

Wie is Digital Dzonga?

Die regering het 'n raadgevende liggaam, Digital Dzonga, aangestel om die migrasie na digitale televisie te koördineer. Ingesluit hierby is verteenwoordigers van die regering, uitsaaiers, reguleerders, verbruikers en vervaardigers. Digital Dzonga is betrokke by elke aspek van die digitale migrasie om belanghebbendes toe te rus met die nodige vaardighede en tegnologie vir die oorgang. Digital Dzonga sal die pogings van die regering, uitsaaiers en toerustingvervaardigers koördineer, die publiek onderlig oor hoe digitale TV werk en verbruikers se regte beskerm deur die voorsiening en verskaffing van die nuwe tegnologie en inhoud te reguleer.

In die migrasie na digitale TV is dit van kritieke belang dat daar aan televisiekykers se behoeftes voorsien word. Digital Dzonga gaan die volgende in plek stel om verbruikers te beskerm en by te staan:

- Stelsels vir die doeltreffende installering van lugdrade en ander toerusting waar nodig.
- Die ontwikkeling van 'n doeltreffende verbruikersoproepsentrum waar verbruikers se vrae oor die migrasie beantwoord kan word en klagtes gelê kan word.
- 'n Hulpskema om kwesbare groepe by te staan met die migrasie. So 'n skema sal praktiese bystand verleen aan die groepe wat waarskynlik die moeilikste sal migreer na die nuwe tegnologie. Die skema sal diegene bystand wat kwalifiseer vir subsidies en ander groepe soos die met gestremde hede en bejaardes, met, byvoorbeeld, die installering en werking van die toerusting.

word. Hoe meer bandwydte daar is, hoe meer golwe kan gedra word – amper soos die bane op 'n snelweg. Analoogseine gebruik baie bandwydte, wat die hoeveelheid seine wat gestuur kan word, beperk.

Digitale seine vereis heelwat minder bandwydte. Om die waarheid te sê kan tot soveel as nege keer soveel inligting oor dieselfde



Me. Lara Kantor, voorsitter van die Digital Dzonga-raad.

'n Omvattende openbare opvoedings- en bewusmakingsveldtog gaan binnekort bekendgestel word om te verseker dat almal die nodige inligting en ondersteuning ontvang wat nodig is vir die digitale migrasie. Alhoewel daar nog baie gedoen moet word om die gladde migrasie na digitale televisie te verseker, is Suid-Afrika se beplanning en voorbereiding reeds ver gevorder. Die land se digitale migrasieplan het die tweede plek behaal in die beste oorskakelingsplankategorie op die Digital Switchover Strategies-geleentheid wat in Februarie verlede jaar in Londen gehou is.

bandwydte gestuur word. Die gevolg is dat sterker, meer gefokusde seine gestuur kan word wat 'n helderder en skerper beeld en heelwat beter klankgehalte gee. Die verskil vergelyk met die tussen ou videokassette en 'n DVD-skyf.

“Digitale uitsending is die rigting waarin die wêreld beweeg, maar in Suid-Afrika gaan dit so-

Die voordele van digitale TV

■ Beter gehalte televisie

Met digitale televisie, wat moontlik gemaak word deur die dekodeerders, is die verskil in gehalte ongelooflik. Dit bied 'n skerper, helderder beeld met minder spookbeelde en steurings. Die klank is ook baie skerper en van 'n heelwat hoër gehalte.

■ Groter keuse

Digitale seine gebruik minder bandwydte as analoge seine, daarom kan daar tot tien TV-kanale uitgesaai word in die ruimte wat tans deur een opgeneem word. Dit sal kykers meer kanale gee om uit te kies, insluitende programme wat spesifiek op streeksgehoë gemik is. Die meeste Suid-Afrikaners sal vir die eerste keer toegang hê tot meer as 20 gratis TV-kanale.

■ Meer toegang


Die geheim lê in die dekodeerder (STB) wat saam met elke televisiestel gebruik gaan word. Die STB ontvang die digitale sein en skakel dit oor na 'n analoogsein vir jou TV. Die STB kan ook skakel met ander toerusting soos selfone, geheuestokkies of 'n internet-modem. Sodoende sal die publiek ook boodskappe kan terugstuur in plaas van om net te ontvang. Dit is 'n voorloper van die beoogde inwerkingstelling van elektroniese regeringsdienste soos toegang tot regeringsinligting vanuit kykers se huise, 'n baie groot voordeel vir diegene wie se toegang vroeër beperk is deur afstand, fisiese uitdagings of koste.

veel meer beteken as om net tred te hou met internasionale standaarde. Dit gaan die lewens van Suid-Afrikaners verbeter deur die digitale skeiding te oorkom. Dit sal ook die ekonomie help groei, want die dekodeerders gaan plaaslik vervaardig word en daarom werk skeep,” sê Kantor.



Suid-Afrika betree binnekort die era van digitale televisie en volg in die voetspore van lande soos Frankryk, die VSA, Brittanje en Nieu-Seeland wat reeds ver gevorder het met die oorskakeling van analoge tegnologie na digitale tegnologie.

Wat het TV-kykers nodig om oor te skakel na die digitale stelsel?



Goeie nuus vir verbruikers is dat dit nie nodig is om 'n nuwe TV-stel te koop nie. Kykers kan hul bestaande stelle gebruik om die gedekodeerde sein te ontvang. Selfs die nuutste TV-stelle op die mark sal 'n STB nodig hê om die digitale sein te ontvang. Die kyker sal 'n STB nodig hê wat aan die TV-stel koppel. Die STB ontvang die digitale sein en skakel dit om sodat dit op die analoog-TV-stel gekyk kan word. Hierdie digitale sein kom nie van 'n

satelliet af nie, maar van senders in die bestaande uitsaai-infrastruktuur. Selfs kykers met satellietstelsels sal die STB nodig hê om die digitale sein te kan ontvang en kyk. Daar is 'n eenmalige koste verbonde aan die aankoop van 'n STB. Die prys is nog nie gefinaliseer nie, maar daar word verwag dat dit tussen R400 en R700 per STB sal wees. Die regering is besig om te werk aan 'n plan om armer gesinne te help om 'n STB te kan koop.